# Struktuur en strekking van Job 38: 39—39: 30

**LC Bezuidenhout**

**Abstract**

**The structure and meaning of Job 38: 39—39: 30.**

The book is approached as a literary work of art. Codes which function in literature, and in particular in poetry, are treated as points of departure. Even in the deep structure elements can be distinguished which serve as codes to indicate the structure at this level. Such elements or motifs are identified. The motifs succeed each other according to a systematic pattern. This approach is applied to Job 38: 39—39: 30. The coherence of the text is attested. Aspects of the animal kingdom are used to draw the attention to God's providence. Yet God's actions cannot be forced into a system of mechanical causality. God's actions must be interpreted in the context of the freedom of his love.

## 1. LITERÊRE ANALISE AS METODE BY DIE INTERPRETASIE

Alhoewel die bestudering van die boek Job uit verskillende invalshoeke kan plaasvind, is dit in die eerste plek nodig om die struktuur van die boek te probeer bepaal. Die boodskap van die boek is gegiet in die vorm van 'n literêre kunswerk. Metodes wat van toepassing is op die bestudering van literêre werke, moet toegepas word. Daar moet veral rekening gehou word met die feit dat die boek hoofsaaklik in 'n poëtiese styl geskryf is.

Sekere poëtiese stylelemente word as kodes aangewend om 'n struktuur daar te stel wat as raamwerk dien vir die strekking van die boek. Hierdie kodes moet geïdentifiseer word. Aan die hand van die kodes moet die struktuur vasgestel word deur middel waarvan daar deurgedring kan word tot die strekking van die boek.

### 1.1 Sistematiese afwisseling van motiewe as kode

Ten opsigte van die organisasie van betekeniseenhede kan daar ook 'n struktuur uitgewys word. Betekeniseenhede of motiewe wissel mekaar op 'n eienaardige manier af. Hierdie afwisseling skep op die oog af die

indruk dat die teks soms deurmekaar is. In werklikheid kan daar 'n planmatigheid in die afwisseling van motiewe aangedui word. Die patrone wat deur die planmatige afwisseling van motiewe gevorm word, hou verband met ander struktuurmerkers en dien ook as kodes waardeur die struktuur en strekking van die boek bepaal kan word.

Die proses om motiewe te identifiseer wat as kodes dien en met behulp daarvan die struktuur op die semantiese en semiotiese vlakke te bepaal, volg die beginsel van die hermeneutiese sirkel. Motiewe wat mekaar volgens 'n sistematiese patroon afwissel, word geïdentifiseer. Op hulle beurt dien die motief-patrone as kodes om vas te stel wat die struktuur op die semantiese en semiotiese vlakke is.

Die feit dat sekere motiewe mekaar volgens 'n bepaalde, en soms onnatuurlike patroon afwissel, plaas die betrokke motiewe op die voorgrond. Hierdie waarneming hou verband met die beginsels van **ekwivalensie** en **vervreemding** by die Formalis/Strukturalis Roman Jakobson (Van Luxemburg, Bal & Weststeijn 1983: 25 en 48) en die beginsel van ***foregrounding*** by die Strukturalis Mukarovsky (Van Luxemburg, Bal en Weststeijn 1983: 53).

Motiewe word nie net deur afwisseling teenoor mekaar gestel nie, daar is ook progressiewe ontwikkeling ten opsigte van die motiewe. Die ontwikkeling volg dikwels die volgende patroon: As inleiding word die motiewe wat in die groot eenheid voorkom, naas mekaar genoem. In die middelste gedeelte word uitgebrei op die motiewe wat in die inleiding genoem is. Hier wissel die motiewe mekaar volgens interessante patrone af. In die slot word die verskillende motiewe in verband met mekaar gebring. Die struktuur van die boek volg nie 'n rigiede patroon nie. Alhoewel daar 'n algemene tendens is, volg elke eenheid sy eie, unieke patroon.

Dit is moeilik om 'n geheelindruk te kry van die motiefpatrone in die boek weens sy lengte en ingewikkelde samestelling. Tog wys so 'n studie uit dat motiefpatrone 'n belangrike stylelement van die skrywer is wat van groot nut is vir die bestudering van die verbande tussen kleiner en groter eenhede (vgl Bezuidenhout 1986).

## 2. 'N ANALISE EN INTERPRETASIE VAN JOB 38: 39–39: 30

### 2.1 Vertaling

**Hoofstuk 38**

39. Kan jy die prooi vir die leeu vang
    en bevredig jy die aptyt van die jong leeus?

40. Wanneer hulle in skuilplekke kruip
    in die skuiling sit en wag[1]
41. Wie verskaf vir die kraai sy kos
    wanneer sy kroos roep tot God
      wanneer hulle rondloop sonder kos?

**Hoofstuk 39**

1. Bepaal [2] jy die tyd wat die klipbokke lam
   sorg jy dat die bokke geboorte gee?
2. Tel jy die maande af wat hulle dragtig is
   bepaal[3]jy die tyd wat hulle lam?
3. Hulle trek inmekaar en baar[4] hulle kleintjies
   hulle laat hulle kleintjies[5] uitgaan
4. Hulle kinders word sterk en groot in die veld
   hulle gaan uit en kom nie na hulle terug nie

5. Wie laat die wildedonkie vry
   en wie maak die bande van die wilde donkie los?
6. Vir wie Ek die wildernis as woning gegee het
   en die brak land as sy woonplek
7. Hy lag vir die gewoel van die stad
   die geskreeu van die drywer hoor hy nie
8. Hy verken[6] die berge, sy weiding
   en alles wat groen is, snuffel hy uit

9. Sou die buffel gewillig wees om jou te dien
   of sal hy oornag by jou krip?
10. Kan jy die buffel aan die ploegvoor bind met sy tou
    of sal hy die laagtes agter jou eg?
11. Sal jy op hom vertrou vanweë sy groot krag
    en sal jy jou arbeid aan hom oorlaat?
12. Sal jy op hom staatmaak dat hy jou graan sal inbring[7]
    en die opbrengs van jou dorsvloer sal bymekaar maak?

13. Die vlerk van die volstruis[8] is vrolik
    (as daar 'n gawe vlerk en vere kan wees!)
14. Maar sy los haar eiers op die grond
    op die grond maak sy dit warm
15. Sy vergeet dat 'n voet dit kan stukkend trap
    en dat die wilde diere van die veld dit kan vertrap

16. Sy behandel haar kleintjies hard[9] asof hulle nie hare is nie
sy is nie bang dat haar moeite tevergeefs sal wees nie
17. God het haar wysheid ontsê
Hy het haar nie 'n deel insig gegee nie
18. As haar nek[10] opgelig is
lag sy vir die perd en sy ruiter

19. Gee jy vir die perd krag
beklee jy sy nek met maanhare?
20. Laat jy hom spring soos 'n sprinkaan?
Sy majestieuse gesnork is 'n verskrikking
21. Hy kap[11] in die laagte en is bly
met krag gaan hy die geveg tegemoet
22 .Hy lag vir vrees en skrik nie
hy deins nie terug vir die swaard nie
23. Teen hom rammel die pylkoker
die lem[12] van die lans en die swaard
24. Met 'n geraas en opgewondenheid verslind[13] hy die grond
hy kan nie wag vir die blaas van die ramshoring nie
25. Wanneer die ramshoring gehoor word, sê hy Heag!
van ver ruik hy die oorlog
die gedonder van die aanvoerders en die krygsgeskreeu

26. Is dit deur jou insig dat die valk vlieg
dat hy sy vlerke na die suide uitsprei?
27. Is dit op jou bevel dat die arend hoog vlieg
en dat hy sy nes hoog bou?
28. Hy woon en oornag op die rots
op die rotspunt en rotsvesting
29. Van daar loer hy vir kos
van ver af sien sy oë dit
30. Sy kleintjies slurp[14] bloed
waar gesneuweldes is, daar is hy

### 2.1.1. Notas

1. Die woord *ʾrb* word in verband gebring met die werkwoord *ʾrb*.
2. Vokaliseer *h*$^a$*yiddaʿ*ta (Van Selms 1983: 178).
3. Vokaliseer *w*$^e$*yiddaʿta* (Van Selms 1983: 178).

4. Die term *t*$^{e}$*pillaḥnā* verwys waarskynlik na die mond van die baarmoeder wat gesplyt word (Van Selms 1983: 178).
5. Die woord *ḥbl* verwys gewoonlik na geboortepyne, hier na die oorsaak daarvan, naamlik die kleintjie (Van Selms 1983: 178).
6. Vokaliseer *yātūr* met TH, T en V (Fohrer 1963: 493; Habel 1985: 524; Van Selms 1983: 179).
7. Aanvaar die Qere-lesing *yāšīb*.
8. Letterlik: 'die een wat juig'. Die eienaardige beskrywing van die 'vrolike' en 'gawe' vlerk sluit hierby aan. Tradisioneel word *ʾebrā* verander in *ʾebrat*. Die woord *nōṣā* word dan as 'valk' geïnterpreteer, alhoewel dit nie elders in die Ou Testament hierdie betekenis het nie (die woord *nęṣ* word wel gebruik). Dan kan gelees word 'die vlerk van die ooievaar en die valk'.
9. Lees *taqšlaḥ* met 2MSS$^{Ken}$.
10. Die woord *tmryʾ* word in verband gebring met *mrʾh*, die krop van 'n voël (Van Selms 1983: 182).
11. Lees met LXX, P en V *yaḥpōr*.
12. Lees *lōhab*. In Qumran kan dit 'lem' beteken, vergelyk 1 QM V, 7, 10–14; V1, 5 (Van Selms 1983: 184; Yadin 1962: 281, 283).
13. Hier word waarskynlik verwys na die feit dat hy met sy pote gate in die grond kap.
14. Die woord moet waarskynlik *y*$^{e}$la$^{c}$l$^{ec}$ū wees, afgelei van *l*$^{cc}$ (Habel 1985: 526; Van Selms 1983: 186).

## 2.2 Struktuur en strekking

### 2.2.1 Oorsig

**Motiewe:**

A Die stryd tussen God en Job
B Gawes aan diere
  Ba voedsel
  Bb aanteling
  Bc woonplek
  Bd vermoë en insig
C Die funksie daarvan:
  Ca nuttig i vir homself
  ii vir die mens
  Cb nutteloos i vir homself
  ii vir die mens

| Vers | Metrum | Motief | Strekking |
|---|---|---|---|
| 39 | 3+3 | Ba | Kan jy vir die leeu kos gee |
| | | Bb | en die jong leeu se honger stil |
| 40 | 3+3 | Bc | Wanneer hulle in hul skuiling sit? |
| 41 | 3+3+3 | Ba | Wie gee vir die kraai kos |
| | | Bb | Wanneer sy kleintjies honger is? |

**Hoofstuk 39**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 3+3 | Bb | Bepaal jy die tyd wat die klipbokke lam? |
| 2 | 3+3 | Bb | Bepaal jy die tyd wat hulle lam? |
| 3 | 3+2 | Bb | Hulle baar hulle kleintjies |
| 4 | 4+4 | Bbc | Hulle kleintjies word groot en sterk in die veld |
| | | Cbi | hulle gaan weg en keer nie na hulle terug nie |
| | | | |
| 5 | 3+3 | Bc | Wie gee vir die wildedonkie vryheid? |
| 6 | 3+2 | Bc | Vir wie Ek die wildernis as huis gee |
| 7 | 3+3 | Cbii | Hy steur hom nie aan die stad of die drywer |
| 8 | 3+3 | Bca | Hy verken die berge waar hy wei |
| | | | |
| 9 | 3+3 | CbiiBc | Sal die buffel jou dien of by jou krip slaap? |
| 10 | 4+3 | Cbii | Kan jy hom vir jou laat ploeg? |
| 11 | 3+3 | CbiiBd | Sal jy op hom vertrou vanweë sy krag? |
| 12 | 3+3 | Cbii | Sal jy hom vir jou die oes laat inbring? |
| | | | |
| 13 | 3+3 | BdCbi | Die volstruis se vlerk is vrolik |
| 14 | 3+3 | CbiBc | Sy broei op die grond op haar eiers |
| 15 | 3+3 | Cbi | Sy vergeet dat diere dit kan stukkend trap |
| 16 | 3+3 | CbiBb | Sy tree roekeloos op teenoor haar kleintjies |
| 17 | 3+3 | Bd | God het haar geen insig gegee nie |
| 18 | 3+3 | Bd | Sy lag vir perd en ruiter |

---

| | | | |
|---|---|---|---|
| 19 | 3+3 | Bd | Gee jy vir die perd krag? |
| 20 | 2+3 | Bd | Laat jy hom spring en snork? |
| 21 | 3+3 | BdCaii | Met krag en blydskap gaan hy na die geveg |
| 22 | 3+3 | Caii | Hy lag vir vrees, is nie bang vir die swaard nie |
| 23 | 3+3 | Caii | Wapens rammel teen hom |
| 24 | 4+3 | Caii | Hy verslind die grond en kan nie wag vir beuel |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 25 | 3+3 | Caii | As die beuel blaas, is hy gereed vir die geveg |
| 26 | 3+3 | Bd | Gee jy aan die valk insig om te vlieg? |
| 27 | 3+3 | BdcCai | Laat jy die arend hoog vlieg en 'n hoë nes bou? |
| 28 | 3+3 | BcCai | Hy woon op die rotspunt |
| 29 | 3+3 | BaCai | Van daar loer hy vir kos |
| 30 | 3+3 | Bba | Sy kleintjies slurp bloed van gesneuweldes |

---

**2.2.2 Uiteensetting**

**2.2.1 Struktuur**

Hierdie tweede deel van die eerste redevoering van God kan in drie strofegroepe verdeel word (38: 39–39: 8, 39: 9–18, 19–30). Die eerste strofegroep bestaan uit drie strofes en die volgende strofegroepe uit twee strofes elk.

In díe deel handel dit oor die versorging van die diereryk. In die eerste strofegroep word volgens 'n bepaalde patroon verwys na voeding, woning en voortplanting as aspekte van God se versorging. Die eerste strofe dien as inleiding tot die deel. Daar word eers na 'n soogdier verwys en dan na 'n voël. Hierdie patroon word in die volgende strofegroep herhaal. In die laaste twee strofes word daar melding gemaak van die nuttigheid van die gawes, eers die nuttigheid ten opsigte van die dier self, en dan die nuttigheid ten opsigte van die mens.

Die tweede en derde strofegroepe is parallel aan mekaar. In die eerste strofe van albei strofegroepe word die gawe van 'n soogdier beoordeel ten opsigte van sy nuttigheid vir die mens en ten opsigte van homself. In die tweede strofe van albei strofegroepe word die gawe van 'n voël beoordeel ten opsigte van sy nuttigheid vir homself. In die tweede strofegroep word telkens verwys na die nutteloosheid van die gawes en in die derde strofegroep na die nuttigheid van die gawes.

**2.2.2.2 Strekking binne die eerste redevoering van God**

In die raam van die eerste redevoering van God (38: 1–3, 40: 1–2) beskuldig God Job daarvan dat hy verkeerd praat van die raadsplan met woorde sonder kennis. Hy daag hom uit tot 'n tweestryd. Binne die raamwerk van die regstryd tussen God en Job, wil God vir Job dinge leer oor Homself, oor Job en oor sy raadsplan. God wil vir Job daarop

wys dat hy nie met God kan kompeteer nie. Hy het nie God se kennis en mag nie. Deur voorbeelde wat God noem, leer Hy Job meer oor sy raadsplan. Die aspekte van God se raadsplan is egter nie eksplisiet nie. Tog kan 'n mens duidelik aspekte van die raadsplan identifiseer waarmee Job en die vriende nie rekening gehou het nie.

Volgens die vriende is God se raadsplan vir mense verstaanbaar. God seën die regverdige en straf die goddelose. Daar bestaan 'n kousale verband tussen die mens se optrede en die mens se lot. God se goedheid word volgens hulle gesien in die feit dat Hy Hom konsekwent hou by hierdie reëls. Hierdie onbuigbare reël maak dit moontlik om uit 'n persoon se lot af te lei of hy skuldig is of nie. Die kern van hulle standpunt is dat God se handelinge altyd bepaal word deur sekere oorsake en sekere doeleindes.

Volgens Job is daar geen planmatigheid in God se optrede nie. Sy optrede bly 'n paradoks. Weens die paradoks kan 'n mens geen troos vind nie, want God se optrede is onvoorspelbaar, soms vyandig.

In hierdie redevoering lewer God kritiek op albei standpunte. Die redevoering begin by die skepping van die aarde, die see, die lig en die donkerte (38: 4–21). Daar is 'n planmatigheid in God se raadsplan. God maak voorsiening vir die welsyn van die mens. God se raadsplan bied sekuriteit vir die mens. Dit word uitgebeeld deur die vergelyking van die skepping van die aarde met die bou van 'n huis (38: 4–7). Tog is daar in God se raadsplan dinge wat vir die mens onbegryplik is (6). Die negatiewe dinge het ook 'n plek in God se raadsplan. Dit word uitgebeeld deur die skepping van die see en donker wolk. Tog hou dit nie vir die mens 'n bedreiging in nie, want God stel 'n perk aan die negatiewe dinge (38: 8–11).

Daar vind 'n vermenging van positiewe en negatiewe dinge in die lewe plaas. Hiervoor word aanvanklik nie 'n rede gegee nie. Tog het 'n mens die sekerheid dat God steeds ingryp om die negatiewe dinge te beperk en leefruimte vir die mens te gee. Dit word uitgebeeld deur die dag wat aanbreek en sodoende die werksaamhede van die kwaaddoeners inperk (38: 2–15).

Die toneel verskuif nou na die weerverskynsels (38: 22–38). Die bestaan van positiewe en negatiewe weerverskynsels word aanvaar as 'n feit. Dit het 'n plek in God se raadsplan. In hierdie gedeelte lê die klem meer op die doel waarmee God sekere dinge laat gebeur. Dit is waar dat God doelbewus negatiewe dinge laat gebeur om mense te straf (38: 22–24). Aan die ander kant word God se optrede nie bepaal deur 'n stel reëls nie. Hy doen soms dinge wat niks met die mens se

optrede of lot te doen het nie soos die gevalle waar Hy laat reën in 'n gebied waar geen mens woon nie (38: 25–27). Hy kan selfs sy optrede omkeer en 'n positiewe daad verander in 'n daad wat tot die mens se nadeel strek soos wanneer Hy reën en dou verander in ys en ryp (38: 28–30).

Al kan God se optrede nie in 'n sisteem gedwing word wat vir die menslike logika toeganklik is nie, kan die mens seker wees dat God se optrede planmatig is (38: 31–35). Hy sal steeds die negatiewe aspekte inperk en op die regte tyd en in die regte mate positiewe dinge laat gebeur (38: 36–38).

In 38: 39–39: 30 val die klem op die gawes van God en die motief agter die gawes. Daar word nou beweeg na die diereryk.

**Strofegroep 38: 39–39: 8**

Die eerste strofe dien as inleiding tot die deel (38: 39–41). In hierdie strofe val die klem op die voeding van die diere. Dit vestig die aandag op die feit dat God in sy raadsplan ook na die mens omsien. Twee ander aspekte van God se versorging word terloops genoem, naamlik die skuilplek van die leeus en die kroos van die leeu en die kraai. Hierdie aspekte kom wel in die volgende twee strofes pertinent ter sprake.

Die feit dat daar 'n verband is tussen die strofes van hierdie strofegroep word onder andere gesuggereer deur die patroon van vraagwoorde wat daarin voorkom:

| | |
|---|---|
| 38: 39 | $h^{a}$ |
| 38: 41 | *mī* |
| 39: 1 | $h^{a}$ |
| 39: 5 | *mī* |

Wat opval, is die aard van die diere wat God voed. Die leeu en die kraai verteenwoordig die uiterstes in die diereryk. Dit beklemtoon die feit dat God se sorg nie afhanklik is van die meriete van die persoon nie.

Waar daar in die eerste strofe terloops verwys is na die kroos en die skuiling van diere, word in die tweede strofe pertinent genoem dat God die vermoë gee om voort te plant (39: 1–4), en in die derde strofe word genoem dat God 'n woonplek aan die wilde donkie verskaf (39: 5–8). Dit geld as uitbreiding op die eerste strofe waar die klem val op God se sorg.

In die tweede en derde strofes is daar egter 'n nuwe aspek wat na

vore tree. Dit is reeds in 38: 25–27 geantisipeer waar daar genoem word dat God reën laat val in 'n gebied waar daar niemand is nie. Die aspek wat hier ter sprake kom, is die feit dat God se sorg nie altyd herlei kan word tot nuttigheid nie. In die tweede strofe word genoem dat die klein bokkies na al die moeite wat met die geboorteproses gepaard gaan, weggaan en nie weer na die bokke terugkeer nie (39: 4). God gee die gawe van voortplanting, maar dit dien nie tot voordeel van die bokke wat geboorte skenk nie. God gee vir die wilde donkie die wildernis, brak land en berge as 'n woonplek. Tog kan hy nie vir die mens van nut wees nie (39: 7). In die volgende twee strofegroepe kom hierdie aspek volgens 'n bepaalde patroon na vore.

Die inhoudelike verband tussen 38: 25–27 en 39: 5–8 word onderstreep deur die ooreenkomste in klankpatrone en die gebruik van sinonieme:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 38: 25 | *mī-pellag laššeṭep* | | |
| | *mī-šillaḥ pereʾ ... mī pitteaḥ* | | |
| 38: 26 | *midbār* | 38: 27 | *šōʾā ūmᵉšōʾā* |
| 39: 6 | *ʿᵃrābā, mᵉleḥā* | | |
| 38: 27 | *mōsā dešeʾ* | 39: 8 | *kol-yārōq* |

In die tweede strofe word pertinent verwys na die tyd wat die bokke lam en in die derde strofe na die plek wat aan die wildedonkie toegewys is. In die vorige deel van die eerste redevoering van God speel tyd en plek ook 'n belangrike rol. Die doel hiervan is om die planmatigheid in God se raadsplan te onderstreep.

Die wilde donkie lag vir die gewoel van die stad (39: 7). In hierdie deel dui lag en vrolikheid op ongebondenheid. Die wildedonkie kan nie deur die mens gebruik word nie.

### Strofegroep 39: 9–18

In die vorige strofegroep het die klem geval op die gawe van God aan die diere. Daar is net verwys na die feit dat die gawe nie nuttig is vir die dier en vir die mens nie. In die twee strofes van hierdie strofegroep word daar telkens net verwys na die dier se gawe, terwyl die klem val op die feit dat die gawe in 'n sekere sin nie nuttig is nie. In die eerste strofe word gesê dat die buffel ten spyte van sy krag nie vir die mens nuttig is nie. In die tweede strofe handel dit oor die volstruis. Sy vlerke is vir hom nutteloos.

In die eerste strofe is daar 'n bepaalde patroon. Elke stige begin met

die vraagwoord *h*$^{a}$. Die eerste en derde stiges verwys na die feit dat die buffel onwillig sal wees om die mens te dien (39: 9, 11). Hier word diens in die algemeen genoem. In hierdie twee stiges kom onderskeidelik woonplek en krag ter sprake. Dit is gawes wat God normaalweg vir 'n dier gee. In die tweede en vierde strofes word daar van ploeg en oes onderskeidelik gepraat (39: 10, 12).

Die volstruis is 'n paradoksale voël. Die vlerk van die volstruis is vrolik. Dit hou verband met die woord wat as naam vir die volstruis gebruik word (*r*$^{e}$*nānîm* : 'die juigende een'). Omdat dit eienaardig klink om van 'n vrolike vlerk te praat, word die volgende kommentaar met die tong in die kies gemaak: 'as daar 'n gesellige vlerk en vere kan wees!' (39: 13). Die vrolikheid van die vlerk verwys binne hierdie konteks na die funksie van die vlerk en vere. In 39: 7 verwys die gelag van die wilde donkie na die feit dat hy nie deur die mens benut kan word nie. In 39: 18 verwys die gelag van die volstruis na die feit dat sy nie deur die perd geklop kan word nie. In 39: 22 verwys die gelag van die perd na die feit dat hy nie deur vrees aan bande gelê kan word nie. Die vrolikheid van die volstruis se vlerk hou verband met die feit dat die volstruis dit nie kan benut om te vlieg nie.

Die nutteloosheid van die volstruis se vlerk kom sterk na vore wanneer 'n mens 39: 14–16 vergelyk met 39: 26–30. Die volstruis se vlerk (*k*$^{e}$*nap*) is vrolik (39: 13), maar die valk sprei sy vlerke (*k*$^{e}$*nāpāw*) na die suide uit (39: 26). Die nutteloosheid van die volstruis se vlerke word gesien as 'n gebrek aan insig. God het haar nie 'n deel aan insig (*bînā*) gegee nie (39: 17). Dit is egter deur insig (*bînā*) dat die valk vlieg (39: 26). Omdat die volstruis nie kan vlieg nie, is sy verplig om haar nes op die grond te maak waar haar eiers en kleintjies nie veilig is nie (39: 14–16). Die arend bou sy nes hoog (39: 27). Van daar af kan hy ver sien om kos vir sy kleintjies te soek (39: 29).

Die tweede en vierde stiges van die tweede strofe verwys na woonplek en kleintjies onderskeidelik. Dit word normaalweg as 'n gawe van God beskou. In hierdie konteks kry dit 'n negatiewe kleur as gevolg van die beperkinge van die volstruis. Die volstruis se vlerke moes as 'n gawe gedien het, maar as gevolg van haar gebrek aan insig is dit nutteloos. God kan in sy raadsplan ook positiewe omstandighede in negatiewe omstandighede omskep. Dit herinner aan 38: 28–30 waar dieselfde beginsel in die weerverskynsels opgemerk word.

God kan ook in sy raadsplan te midde van negatiewe omstandighede positiewe omstandighede skep. Die volstruis het vlerke ontvang waarmee sy nie kan vlieg nie. Tog kan sy vir 'n perd weghardloop terwyl 'n

perd juis toegerus is om te kan hardloop. Hierdie paradoks word binne God se raadsplan geakkommodeer. So word Job regverdig verklaar ten spyte van die feit dat hy teen God gerebelleer het, terwyl die vriende skuldig bevind is ten spyte van die feit dat hulle God probeer beskerm het.

**Strofegroep 39: 19—30**

Die twee strofes is parallel aan die vorige. Waar die buffel en die volstruis gebruik is as voorbeelde van diere wie se gawes in 'n sekere sin vir die mens en vir hulleself nutteloos is, geld die perd en valk as diere wie se gawes vir die mens en vir hulleself nuttig is.

In albei strofes word in die eerste twee stiges verwys na die vermoë van die dier. Daarna word genoem op watter maniere hierdie vermoë nuttig is. In die eerste strofe kom nut vir die mens ter sprake en in die tweede strofe nut vir homself.

Die perd geld as die simbool van uiterste bruikbaarheid. Die wilde donkie lag vir die gewoel van die stad omdat 'n mens hom nie kan gebruik nie (39: 7). Die perd lag in die stryd omdat hy hom nie deur vrees aan bande laat lê nie (39: 21—22). Dit maak hom juis bruikbaar vir die mens. Die buffel sal nie vir 'n mens die laagtes (*ᶜᵃmāqīm*) eg nie (39: 10) ten spyte van sy groot krag (*kōḥō* 39: 11). Die perd kap in die laagte *(bāʾẹmeq)* en met krag *(bᵉkōaḥ)* gaan hy die geveg tegemoet (39: 21).

Die valk en die arend se vermoë is vir hulle baie nuttig. Die vermoë van die valk en arend en die nuttigheid van hierdie vermoë word doelbewus gekontrasteer met dié van die volstruis. In teenstelling met die volstruis, het die valk en arend die insig ontvang om hulle vlerke te gebruik (39: 26—27). Dit het die nut dat die arend sy nes hoog kan bou (39: 27—28). Dit stel hom in staat om van ver af te soek vir voedsel (39: 29) sodat sy kleintjies iets kan hê om te eet (39: 30). Die valk en arend se vermoë om te vlieg, is nuttig ten opsigte van die ander gawes wat God gee, naamlik woning, kos en voortplanting. Die verwysing na hierdie gawes vorm 'n raam met 38: 39—41 waar hierdie gawes die eerste keer ter sprake gekom het.

Die laaste stige het besondere betekenis. Die arend se kleintjies slurp bloed van gesneuweldes. Gesneuweldes verteenwoordig die mees negatiewe omstandighede. Selfs hierdie negatiewe omstandighede kan van nut wees vir die mees waardevolle gawes, naamlik voortplanting en voedsel. Hierdie paradoks word ook in God se raadsplan gevind. Dit verbreek die opvatting dat negatiewe omstandighede direk verband hou met straf, sonde en ondergang en positiewe omstandighede met

seën, onskuld en redding. 'n Soortgelyke paradoks het reeds aan die einde van die vorige strofegroep aan die lig gekom.

### 2.2.2.3 Samevatting

God se optrede word nie noodwendig bepaal deur die meriete van die skepsel nie (38: 39–41). In die tweede plek word die gawes nie bepaal deur die nuttigheidswaarde daarvan nie (39: 1–30). Dit is reeds in 38: 22–27 geantisipeer. God gee soms gawes wat in sommige opsigte nie nuttigheidswaarde het nie (39: 1–18). Ander kere gee hy gawes wat groot nuttigheidswaarde het (39: 19–30). Op grond van hierdie insig is dit nie meer moontlik om soos Job se vriende voorspoed, onskuld en seën met mekaar te verbind, en teëspoed, skuld en straf met mekaar te verbind nie. Aan die ander kant is Job ook nie reg met sy stelling dat God se optrede impulsief, onverantwoordelik en gevaarlik is nie. God se sorg vir die diere is steeds op die voorgrond. So kan 'n mens ook seker wees van God se sorg ten spyte van die feit dat God se raadsplan nie ooreenstem met die vriende se model nie.

Die relatiwiteit van God se gawes word ook uitgebeeld. 'n Negatiewe toestand sluit nie 'n positiewe een uit nie, dit kan juis lei tot 'n positiewe toestand (39: 13–18, 30).

In hierdie gedeelte kom 'n baie belangrike beginsel ter sprake waarvolgens Job onskuldig bevind is en die vriende skuldig. God se goedheid is nie afhanklik van verdienste of nuttigheid nie. So verwag Hy van die mens om Hom te dien sonder dat daar redes gesoek moet word en sonder dat daar na die nut daarvan gevra word. Die vraag wat die Satan in 1: 9 vra, dring deur tot die kern van die boek: Dien Job God sonde rede *(ḥinnām)*? Indien die vraag bevestigend beantwoord kon word, sou dit dui op Job se integriteit. Sy godsdiens is dan nie afhanklik van ander faktore nie. Die vriende koppel hulle godsdiens aan die sinvolheid en die nut daarvan. Job ontken die sinvolheid en die nut daarvan, maar hou steeds vas aan sy verhouding met God. Dit is ware godsdiens. Dit is die saak waarom dit eintlik in die boek gaan.

Karl Barth het gewys op die aard van die verhouding tussen 'ware God' en 'ware mens'. Binne hierdie verhouding is daar nie die beperkinge van 'n meganiese kousaliteit nie. Die verhouding word gekenmerk deur vryheid. Barth verkies om hierdie verhouding van wedersydse vryheid te demonstreer aan die hand van die boodskap van die boek Job. Barth dring inderdaad deur tot die essensie van die strekking van die boek Job:

Und wie kommt Hiob dazu, Gottes Knecht zu sein? Er kommt

offenbar nicht dazu – auch er ist es nur eben! Und auch die Freiheit, in der er Gottes Knecht ist, bewährt sich in seinem Verhalten: darin nämlich, dass er – das ist es, woran der Satan zweifelt und worauf Jahve jene Wette eingeht – umsonst, uninteressiert, weder durch jenes Maximum göttlichen Segens bedingt, noch durch jenes Minimum verhindert, weder als Lohnverdiener noch as Lohnempfänger, sondern gratis gottesfürchtig ist:ohne einen weiteren Grund ausser dem, dass Jahve Gott, sein Gott is (Bart 1959: 447).

**Literatuurverwysings**


BARTH, K 1959. *Die kirchliche Dogmatik von Karl Barth*, Band IV. Deel 3 eerste helfte. Zürich: Evangelischer Verlag Zollikon.

BEZUIDENHOUT, LC 1986. *Struktuur en strekking van die boek Job.* DD-Proefskrif, Universiteit van Pretoria.

FOHRER, G 1963. *Das Buch Hiob.* Gütersloh: Gerd Mohn. (Kommentar zum Alten Testament, Band XVI).

HABEL, NC 1985. *The book of Job.* London: SCM. (Old Testament Library).

VAN LUXEMBURG, J, BAL, M, WESTSTEIJN, WG 1983. *Inleiding in die literatuurwetenschap.* Derde hersiene druk. Muiderberg: Coutinho.

VAN SELMS, A 1983. *Job II.* Nijkerk: GF Callenbach. (De Prediking van het Oude Testament).

YADIN, Y 1962. *The scroll of the war of the sons of light against the sons of darkness.* Translated. Oxford: Oxford University Press.